HANS-JOACHIM KRAUS, *Psalmen*. Biblischer Kommentar XV, 1. Erziehungsverein, Neukirchen, 1958.

Met hierdie aflewering begin die Psalmekommentaar in die groot, nuwe Skrifverklaringswerk. Die bo-behandelde werk van Kraus het groot verwagtings gewek vir hierdie soveel sentraler Bybelboek; en wat hierdie eerste aflewering betref, is die verwagtings ten volle vervul. Die Inleiding ontbreek uiteraard nog; daar word hier direk met Psalm 1 begin. Die literatuuropgawes bo die enkele Psalms is soos te verwagte baie ryker as by Klaagliedere. Die vertalings is helaas weer nie in koeplette of strofe gedruk nie; vir sover die hier behandelde eerste agt Psalms 'n indruk gee, lyk die vertaling self beter geslaag as in Klaagliedere. Waar die skrywer in Ps. 1:2 wel tereg die tweemaal *tôra* wil behou, sou dit logies gewees het om die woord dan ook tweemaal dieselfde vertaling te gee. Ook hier gee die „Wort"-verklaring weer uitnemende inligting oor hierdie belangrike Bybelse begrip. Veral lyk my gewigtig dat hier reeds *tôra* as gesaghebbende „Heilige Skrif" voorkom, en dit nie alleen as die Tora in engere sin omvattend, maar ook die geskiedenisverkondiging en, waar Ps. 1 'n proëmium van die hele Psalmboek is, ook Psalmeliteratuur. Met 'n welgefundeerde konservatisme wat die behoud soveel moontlik van die Masoretiese teksvorm aangaan, paar die skrywer 'n geheel eie, nuwe, amper revolusionêre verstaan van die inhoud van die eerste Psalm, waarby hy die gangbare opvatting van die Psalm as wetties en „farisees" ten enemale afwys.

Ekskurse oor belangrike begrippe en voorstellinge is hier nog menigvuldiger en uitgebreider as in sy Klaagliedere; dié oor die idee van die wêreldheerskappy van die Israelitiese koning van Jerusalem (bl. 14–16) is baie verhelderend om sowel die verband as die verskil met gelyksoortige voorstellinge by die grootmagte van die ou Nabye Ooste te laat uitkom (sien ook bl. 19 oor die Godseunskap van die koning).

By Psalm 5 is belangwekkend die behandeling van die „vyande" in die Psalms, die „werkers van ongeregtigheid" e.d. uitdrukkinge. Tereg

wil die skrywer onderskeid maak tussen die vyande in die kollektiewe Psalms en die vyande van die individu. Veral teen die „konings-ideologiese" opvattinge van die Sweedse skool neem die skrywer sterk stelling.

Die handhawing van Psalm 6 as boetepsalm ook vir die gebruik in die Kerk van Christus is oortuigend: „Psalm 6 leer die deur Duhm geïdealiseerde Christen om die beslissings-erns van sy lewe waar te neem".

By Psalm 7 kom die probleem van die onskuldbetuiginge in so vele Psalms ter sprake en die veelvuldige beroep op „eie geregtigheid", wat met Karl Barth gesien word teen die agtergrond van die verkiesing van Israel en die verbondsverhouding waarin dit tot God staan.

Ook by Psalm 8 wil die skrywer nie met die Sweedse skool die verklaring soek in 'n sgn. sakrale konings-ideologie nie, maar in die posisie van die gewone mens na die skeppingsorde; „hier word die verborge agtergronde van die alledaagse menslike lewe blootgelê". 'n Ekskurs oor die posisie van die mens voor die aangesig van God besluit die verklaring van hierdie veelomstrede Psalm.

Kenmerkend vir Kraus se Psalmeverklaring is ook die gedurige siteer in voetnote van die groot Reformatore. Dit is inderdaad magistrale werk.

B. Gemser